



Slinks , meesterlik gekamofleer, geduldige jagters is die roofwantse of -besies

Assassin Bug Roofbesie Raubwanze



Besies bly maar een van die interessantste insekgroepe; hulle is baie vindingryk, kreatief en effektief met betrekking tot hulle uiterlike voorkoms en jagmetodes. Van hierdie een weet ons nie eers sy naam nie; oor die roofwantse in Namibië is daar nie baie inligting beskikbaar nie.

Oor die algemeen kan ons beweer, dat die diertjies sterk en stewig gebou is, omdat hulle roofdiere is en hulle prooi moet oorweldig. Die dik skerppunt-slurp word in die prooi ingedruk en dit word dan uitgesuig , net die eksoskelet bly oor.

Daar is van die roofwantse, wat regtig seer kan steek! Pasop vir hierdie een! Hy is ongeveer 2 cm lank, en sy steek is nogal seer. Sy naam is *Acanthaspis obscura*. Hulle word deur lig aangetrek (saans) en beland so in ons huise. Ek dink, baie van ons ken dit.



In Latyn en Suid-Amerika is een spesie wat van bloed lewe, dus op warmbloedige diere (**en mense**) teer. Hulle is nagaktief en “byt” waar die vel dun is, meestal by die oog- of mondarea, daarvandaan die naam *kiss bug* in die volksmond. Dit kan ‘n tropiese siekte oordra met die naam van Chagas. Die siekte kan dodelik wees. Gelukkig is ons roofbesies nie so gevaarlik nie.



Die besies versmelt total met die agtergrond waarop hulle sit.

Op die nes van die versamelspinnekoppe *Stegodyphus mimosum* het ek op hierdie snaakse kalant afgekom (daar was twee). Eers kon ek glad nie herken wat dit kon wees nie, dalk reste van ‘n insek of ‘n vreemde spinnekop of maar net droë plantmateriaal. Toe sien ek dat die voelers soos pote lyk wat opgetel is en die agterlyf soos droë sekelbosblaartjies. Die suier het hom

verraai, toe weet ek, dis 'n besie. John Irish, 'n Namibiese entomoloog het gesê “ ...siende dat hulle saam met die spinnekopnes gekom het, is hulle dalk besig om die spinnekoppe na te boots ... en hulle sal nie die eerste roofdiere wees, wat hulle prooi naboots om naby hulle te kom nie.”

Nou is dit so, dat die spinnekoppe binne-in die nes baie kleiner is as die roofbesie en ook anders lyk, **maar** die besie lyk ook nogal baie na droë plantmateriaal en flous dalk op die manier die spinnekoppe wat **dagaktief** is en dus 'n moontlike prooi. Ons weet nog nie.

'n Ander moontlike rede, hoekom die besies juis daar teenwoordig was is, dat hulle binne-in die spinnekopnes hulle metamorfose ondergaan en nou uitgekruip het. As 'n mens mooi kyk, is die vlerke nog klein (nie vol ontwikkel nie), so, hierdie op die foto is nog nimfies. Dit sou beteken, dat die ma-besie haar eiers in die nes geplaas het (op watter manier ook al). En dit weer sou impliseer dat daar 'n verband bestaan tussen hierdie spesifieke soort roofbesie en die sosiale spinnekoppe *Stegodyphus mimosum*.



Hier op die prent kan ons duidelik op die linker kant die voelers sien, wat presies lyk soos sy pote wat opgetel is. Net onderkant van die voelersbasis is die slurp ingevou onder die kop. Die punt van die suier rus tussen die eerste paar pote. Daar is in die pantser groefies, waarteen die besie sy suierpunt kan skuur en sodoende 'n geluid produseer, miskien vir 'n besie-aria om 'n liefie aan te lok.

Die besie se bewegings is stadig en lyk ietwat lomp, maar dis net jagtaktiek. As dit naby die prooi is, gryp dit blitsvinnig met die voorste paar pote die prooi, steek sy slurp in die diertjie, verlam dit met 'n soort gif en suig dit dan leeg.

Aangesien dit nou amper lente is, die eerste akasias al begin blom, is dit ook tyd dat die insekte in papiestadium hulle gedaantewisseling voltooi het en as volwasse dier uit die kokonnetjie kruip. Hou maar die oë oop, al die creature in die natuur beëindig hulle wintersrus en stel weer in die lewe daar buite belang. So kan ons die eenaardigste goggatjies waarneem en dophou.

Inligtingsbronne: John Irish (dankie!)

Updated Field Guide to Insects of southern Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

Wikipedia

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Augustus 2017